

AFDELING , III.

bevattende

BRIEWE EN BIJDRAE.

## TOELIGTING.

Na ons stukke oor die Eerste Skrywers van Afrikaans in "Die Brandwag" verskijn het, en na verskeie versoeke ons reeds bereik het, om ons mededelings in boekvorm te bewaar, het ons 'n briewewisseling met sommige uit die ou taalbeweging aangeknoop om van hulle te verneem in hoe verre ons reeds gepubliseerde stukke hulle instemming geniet en om verder hulle gevoele te verneem.

Dit verskaf ons groot genoë te kan meedeel, dat net *een* lid uit die Genootskap van Regte Afrikaners nie ten volle met ons eens was nie. Op bladsij 160 van die Oktober "Brandwag" skryf hij als volg: "Mnr. von Wielligh het egter *abuis* waar hij aan die end van sijn stuk jouw lesers vertel dat "Die Patriot" in 1890 al so agteruit gegaan is . . . ."

Hierdie bewering klop ons op die skouer, eis verdediging om nie abuislike foute te maak nie. Ons wapenbroer egter lij tans nog swaar aan die gevolge van 'n gevaarlike operasie en daar hij die later politiek van die "Patriot" wil verdedig en moeilik sal regkrij, so stap ons verder aanmerking liewers verbij en verwijs die leser naar die uitspraak van ander prominente lede van die Genootskap, wat sal getuig dat ons uiteensetting nog die korrekste is wat onder hulle aandag gekom het. Overigens, daardie geskrijf doen nog die taalbeweging, nog enig partij enige goed.

Aangesien die ander briewe ons als privaat geskrif bereik het en aldus bejegen moet word, so publiseer ons net uittreksels uit 'n paar daarvan (waarvoor ons verlof erlang het) om die opienies van enige lede van die ou Genootskap oor ons uiteensetting mee te deel, waaruit dan ten duidelikste sal blijk dat, wat ons meegedeel het, volkome op vaste fundamente gebou en vrij van "abuis" is.

Verder publiseer ons nog enige bijdrae omtrent die ou Genootskap, aan "Die Brandwag" vroeër meegedeel en wel met goedgunstig verlof van die Redaksie.

Ons verkies nou 'n rukkie in ons stoel terug te leun om andere weer aan die woord te laat en ons sal met onverdeelde aandag sit en luister; want dit is nie plesierig om altyd aan jou eie gesprekke die aandag te skenk nie—die kuns van 'n gesprek is: om te spreek en te luister.

*A.—Brief van 'n Lid van die Gen. v. Reg. Afr.*

(Dit doen ons leed dat ons nie verlos het om die naam van hierdie hooggeagte lid van die ou Genootskap te mag plaas nie. Hij egter was altyd een van die staatmakers):

“Hooggeagte Vrind,—Jouw brief van 17 Sept. 1917, het ek ontvang en dit was mij 'n aangename verrassing om van jou te hoor, dit is 'n nuwe herinnering aan verlede dae. Wat is nie intussen gebeur nie? Dit blyk tog, en ek voel dit, dat die verskillende bande, wat ons in lief en leed aan mekaar gebind het, nie verbreek is nie—al het dit ook al 'n bietjie gerek en was dit tydelik verslap.

“Ek bewonder jou ijwer, respekteer jou belangstelling en waardeer jou wyse van voorstelling van die Taalbeweging—van verskillende beskrywings is dit in *mij beskouing* nog die mees korrekte wat tot hertoe gelewer is en wat onder *mij* aandag gekom het.

“Wat mij aandeel in die taalbeweging betref—dit is verbij! Die heel klein bietjie, wat ek tot die beweging kon bydra en bijgedra het, is, in mij eie skatting, veels te gering om in herinnering gehou te word. Om erkenning daarvan was dit mij ook nie te doen nie. Reeds was daar meer erkenning van als mij lief en welgevallig is.

“Wat die meer prominente Werkers en Medewerkers betref, meen ek dat hulle elk 'n beskeie deel ontvang het en ontvang in b.v. jou stukke, in die Lewensbeskrywing van wijle Ds. S. J. du Toit (deur Prof. Dr. J. D. du Toit) en Dr. Lydia van Niekerk in haar Proefskrif, ens. 'n Naam, wat ek graag meer naar vore wou gebring sien, maar wat later gebring is, was die van mnr. Arnoldus Pannevis. Maar waar trek jij 'n streep

van verdienstelike name? “Cefas” (wyle Ds. D. P. Rossouw) met sij godsdienstige stukke; “Oom Daantjie” (wyle mnr. D. P. van den Heever); Mnr. W. Ross (seun van Ds. Ross van Lady Grey) met proewe van Psalm-berijminge; Mnr. Oelofse, wat sij plaas wou verbinde om geld te krij vir die Bijbel-vertaling, ens.

“Maar als ek jou reg verstaan, dan is jouw doel ook nie om *persone op die toneel te voer nie*; maar wel meer die moeilik-hede in die lig te stel, waaronder die Eerste Skrywers van Afrikaans beswaarlik letterkundige produkte van waarde kon lewer, of so iets van hulle kon verwag word. Dit glo ek, *dis jou tamelik goed geluk om dit aan te toon*. Wie sig nie daardeur laat oortuie nie, sal sig ook *nooit* laat oortuie nie—al staan daar een uit die dode op. Mnr. Pannevis het ek meer als eens hoor sê: “Die man, die zich laat overtuigen, heeft meer gedaan dan de persoon die hem overtuigt.” En dit is so! Met stijfhoofdigheid val nie te redeneer nie. Wie van enig iets meer verwag, als wat met billik reg verwag kan word, is tot teleurstelling gedoem—en wel deur sij eie skuld. Wie van ’n pas geplante boom dadelik vrugte verwag is dwaas, net soos die man, wat wil gaan oes onmiddelik na hij gesaai het. Wie in ’n laer skool hoër vakke van wetenskap onderwijs, of verwag dat dit daar onderwijs word, is seker onverstandiger als die onderwijser, wat met sij a, b, c lesse aanvang maak.”

Tot so ver die brief, dog die skrywer van die brief handel verder oor die wijze hoe ’n leerling eers sij a, b, c moet leer, dan leer spelle, lees en skrijwe en so gaan hij stap vir stap op tot hij *na jare van toewijding en harde studie* eers in die hoër klasse van wetenskap en letterkunde toegelaat word. Hij wijs verder daarop dat persone, wat getitteleer is, steeds in herinnering moet hou dat daar eens in die begin van hulle skoolgaan ’n tijd was, dat hulle van praalskrif en deftig stijl absoluut niks van begriip het nie. Voortgaande wijs hij daarop, hoe die boekies, wat nou so sterk aangeval word, met al hulle gebreke tog die middel was om ons landgenote Afrikaans te leer waardeer, en het dus vol-

kome hulle doel, waarvoor hul geskrywe was, bereik. Daarom is dit onvrindelik om die boekies net uit 'n letterkundige oogpunt te beskou, sonder op die doel ag te slaan. Vervolgens toon hij aan dat daar altijd nog genoeg gezond verstand te vinde is—afgesien van hoog geleerdheid—wat oortuig is, dat laer onderwijs bij die a, b, c moet begin. Maar wag, laat ons die skrywer van die lange brief weer aan die beurt bring:

“Wat was die posiesie van die ou Genootskap van Regte Afrikaners? Hulle moes die grond eers skoon maak (wat 'n moeilike werk was), die saad saai, of die boompie plant; ja selfs die skool vir laer onderwijs open. Die uitgangspunt en die naaste doel was—soos dadelik blyk uit mnr. Pannevis se brief aan die Britse en Buitelandse Bijbel Genootskap—om die Afrikaner *tegemoet te kom* n.l. diegene wat die Bijbel in Hollands nie korrek, of naar eis, verstaan nie, en om hulle 'n vertaling in hulle eie taal te besorg. Die algemene klage was: *Gebreke aan leeslus—ons mense het gin lus om te lees nie*. Dit toon al dadelik aan vir wie die arbeid van die Genootskap in die eerste plaas was, naamlik vir ons minder bevoorregte landgenote. Wie nou verwag, dat vir swakke mage vaste spijs sal opgedis word, is voorwaar maar 'n slegte dokter en is 'n ongeskikte verpleger. Om kort te gaan: die Werkers en Mederwerkers in die ou beweging is vrijwel geslaag om *leeslus en skryflus* op te wek. Daarmee het hul hulle naaste doel bereik. Daarmee kan hul al tevrede wees, en hulle was daarmee tevrede: Die voorbereidende werk bied nou 'n skone geleentheid aan om middelbaar onderwijs en hoër wetenskaplike en letterkundige klasse te open vir letterkundige voortbrengsels van hoër gehalte, waardig aan ons taal.”

Die skrywer van die brief gaan nog verder en wij 'n paar woorde aan die bescheidenheid van die ou lede teenoor die ophef van die jongere. Wijders vermeld hij, dat dit hom ook opgevallen is, dat taalgeleerdes soms raak en pittig Afrikaanse uitdrukkings en sinswendings prijsgee vir die van ander tale, waardeur ons taal juis armer gemaak word. Hij betreur die feit,

dat bij die Bijbelvertalers nie 'n paar praktiese ongeletterde manne bygevoeg is nie om mee te help om die bybelse waarhede in suiwer Afrikaans weer te gee, wijsende daarop dat Luther met sy vertaling van die Bijbel sig tot die huismoeder en die man op die mark gewend het om die getrouwste uitdrukkings te krij. Geleerdes in ander tale, so merk hij op, raak ongemerk onder die invloed van sulke tale sonder dat hul dit self besef; terwyl een, wat net sy eie taal als spreek, lees- en skryftaal gebruik, aanstonds 'n vreemde uitdrukking opmerk. Maar taalgeleerdheid is bepaald nodig om skoonheid en deftigheid bij te sit. Voortgaande bejammer hij die feit dat Afrikaans deur vreemde taalinvloed geweld aangedoen word. Hij skryf dan:

“Soos jij tereg in een van jouw stukke opgemerk het, had die ou Genootskap met 'n toestroming van *duisende briewe uit alle dele van die land* 'n veel beter kans om te oordeel, wat suiwer Afrikaans is als diegene wat Afrikaans met behulp van vreemde tale studeer, en dan nog boonop absoluut sonder behoorlike sisteem te werk gaan. Ek sal maar afbreek, want ek kan daar verder niks aan doen nie.”

AANMERKING: Ons is volkome eens met skrywer van bostaande brief, en 'n ieder sal moet erken als hij 'n boek of geskrif, hetsij in Hollands of Engels, gelees het en wanneer die inhoud boeiend en in pragtige taal vertolk is, dat als die leser daarvan dadelik daarop Afrikaans gaan skrywe, hij te geneig is om van die uitdrukkings uit die geskrif in sy Afrikaans in te voer. Bij oorlees vind hij dit pragtig, dog die gees daarvan is feliggaam in 'n uitheemse gestalte, wat alles behalwe suiwer Afrikaans is.

*B.—Brief ook deur vorige Skrywer.*

Na ontvang van vorige brief (A) het ons weer aan gemelde lid van die ou Genootskap om verdere besonderhede geskrywe en dit is wat hij ons o.m. meedeel:—

“Ds. D. P. Rossouw (nou reeds wijle) het godsdienstige stukke in die “Patriot” geskrywe onder die skuilnaam van “Cefas.” In die “Zuid Afrikaan” het hij geskrywe onder sij

voorletters "D.P.R." Sij stukke het groot bijval gevind. Hij had selfs die openbare getuigenis van (misskien meer; maar seker) een wat deur die lees daarvan tot bekering gekom het. Soms was hij met die "Patriot" oorhoop, omdat die blad te skerp teen die foute van, of in die kerk geskrywe het. Hij was ook die digter van "John MacKenzie, moenie grens nie."


'Mnr. D. P. van den Heever (bekend als "Oom Daantjie" —'n naam waarop hij trots was) was 'n sterke medewerker en ijweraar vir Afrikaans, en daarby 'n man van groot invloed. Naar ek meen was hij die stigter van die Albertse Boere Vereniging. In ieder geval, hij was die leier daarvan. Dit was opgerig min of meer op die Afrikaner Bondbeginsels. Hij was die humoristiese Parlement verslaggewer vir die "Patriot" onder die skuilnaam van "Klein Joggem." Hij had sterk invloed in die parlement en was hoog gerespekteer.

"Van wijle mnr. Oelofse herinner ek mij nou nie meer iets anders als wat ek reeds geskrywe het n.l. hij wou onder verband van sij plaas geld opneem in belang van die Afrikaanse Bijbelvertaling om die saak dadelik kragtig aan te pak en deur te drijwe.

"Wijle Ds. Ross van Lady Grey, Aliwal Noord, het berijminge van enige Psalms (deur sij seun) in Afrikaans naar die "Patriot" gestuur, omdat hij gesien en erken het, dat, als Afrikaans kanseltaal word, ons dan ook Afrikaanse Psalms en Gesange moet hê.

"Maar liewe man! als jij buitekant die kring van onmiddelijke Werkers en Medewerkers jou begewe; waar moet jij dan eindig? En altijd sal jij jou aan die gevaar blootstel om een of ander oor te slaan, wat misskien belangrijker dienste bewijs het als sommige, wat jij vermeld het. Jij kom dus op gevaarlike terrein!"

"Ten slotte," so vervolg die skrywer van die brief, "het ek dit nog in te bring teen sommige van ons hedendaagse beoordelaars, dat hul uit die oog verlies, dat die Werkers en Medewerkers 'n hele leër van teenstanders moes bestrij, terwijl hul al die tijd besig was die minder bevoorregte bevolking te leer lees



Ds. DAVID ROSS, digter, 'n gebore Skotsman, predikant destijds van Lady Grey, Aliwal Noord. Hij was die eerste om 'n Psalmberijming te maak en hef godsdienstige stukke vir "Die Patriot" geskrijwe.



D. P. VAN DEN HEEVER (Oom Daantjie), die warme ondersteuner van "Die Patriot." Deur sij groot invloed as Parlamentslid vir Burgersdorp en oprigter van "Die Boere Vereniging" het hij die Afrikaanse Taalbeweging baie ondersteuners besorg. Hij was die parlementaire korrespondent van "Die Patriot"—die grappige bijdraë van Klein Joggem werd baie geniet.

en skrywe, om hulle nasionale gevoel wakker te skud en om ons nasie te laat verstaan dat ons 'n eie taal het. Hulle moes al die tyd deur veg en intussen onderwijs gee. Hoe kan nou die man, wat veg met sawel en geweer in die hand nog boonop ploë, saai eg en oes tegelyk. Hulle had mos nie soos die Duitsers in Roemenië 'n leër wat voor veg en 'n ander, wat met stoomploeg agterna kom om die grond te bewerk nie! Juis diegene, wat agter die ou Genootskap moes kom ploë, was meestal van die sterkste teenstanders, wat beveg moes word. En vandag . . . ?—Aanmerkings genoeg, en waarom nie so en so, en beter gemaak nie?

“Maar die man, wat sij plig gedoen het, is nie kleinsierig nie. Hij kan dit beter veel dat daar fout met sij doen en late gevind word als dat sij gewete hom van ontroutheid en pligversuim aankla. Ek glo nie, dat ons voorouers sal seer voel nie als hulle vandag gerieflike wonings kan sien staan, waar hulle eens in hartbeeshuise gewoon het. Of sal 'n uitvinder pijn voel als in sij uitvinding fout aangewijs, verbeterd en daardeur bruikbaar gemaak word? Veeleer sal hij hom daarin verblij om te sien dat sij uitvinding dan doeltreffender aan doel en bestemming beantwoord. Bij al die gebrekkige in sij uitvinding sal hij tog altijd die stil genoeg smaak dat hij iets bijgedra het om die spoor aan te wijs om dit op die regte pad te help. Laat dit jou ook dan genoeg wees.”

C.—*Brief weer van die selfde Skrywer.*

Toe ons Afdeling II gereed had, het ons dit aan 'n paar van die lede van die ou Genootskap oorgestuurd om daaruit te krap, wat daarin nie hoort nie, of aan te vul wat daaraan ontbreek, en dit is wat die voormelde lid ons daarvan skryf:—

“6 Des. 1917. Geagte vriend—Jouw brief van 28 Nov. het ek gelijktijdig met die manuskrip ontvang. Ek het dit nagelees en het dit vandag aan vriend Hoogenhout se adres gepos. Ek het maar baing *min* randskrif gemaak. Als ek dit saam met jou kan deurgelees het, sou daar wel hier en daar een en ander te bespreke gewees het.”

Tot sover die uittreksel uit die private brief. Met genoeë het ons die paar voorgestelde veranderinge gemaak en wat die bespreking van die onderwerp betref, het ons ook die wens van ons vriend gevolg—sonder ons boek in 'n geskiedenisboek te vervorm; want ons wil ons stand van verdedig-geskrif behou, en om sulks te doen, moet ons ons bootjie net op die stroom van desbetreffende geskiedenis voortroei.

*D.—Brief van mnr. C. P. Hoogenhout.*

Wat betref informasie omtrent die ontstaan en geskiedenis van die Afrikaanse Taalbeweging is mnr. C. P. Hoogenhout en mnr. D. F. du Toit (Lokomotief) soos die oliekruike van die weduwee: keer die kruike om en daar tap nog altijd olie uit. So het ons ons ook van daardie bron bedien en 'n brief aan mnr. Hoogenhout gerig. In 'n private brief het hij ons onderstaande meegedeel en daarin word ons meer vertel omtrent twee belangrike punte.

Eerstens blyk dit uit die mededelings, dat mnr. Hoogenhout reeds vóór 1872 uit eie dranggevoel daartoe aangeset werd om Afrikaans tot skryftaal op te hef. Feitelik was hij die allereerste om 'n boekie in die taal te skrywe. Ons als kind het die boekie gelees namelik “Die Geskiedenis van Josef.”

Tweedens gee mnr. Hoogenhout ons meer besonderhede aangaande die aanleidende oorsake tot die oprigting van die Genootskap van Regte Afrikaners. Die beste is om die ou voorvegter self aan die woord te bring:—

“Geagte Vriend, Ek het nou jouw eerste drie hoofstukke oor die Eerste Skrywers van Afrikaans in “Die Brandwag” gelees. Net van een ding het ek spijt, dat jij vir mij daarin so geprijs het. Ek het met 'n vriend 'n verbond gemaak dat ons mekaar nie in geskrif sal prijs nie. Wat ons aan die taalsaak en verder gedoen het, was slegs ons plig. En word ons deur die mense daarvoor geprijs, dan het ons reeds hier op aarde ons loon weg. Jij het miskien van hiërdie verbond tussen mij en mij vriend nie geweet nie, en het dit uit die volheid van jouw vriendehart gedoen, dog ek het sulks nie verlang, nog minder gesoek nie.

“ En nou omtrent jouw vraag, wat mij beweeg en aangeset het om deel te neem in die Afrikaanse Taalbeweging, moet ek antwoord: Die historiese samespraak omtrent die Oostelike Provinsie van die Kaap Kolonie alsook die ou liedjie: “ Mij naam is Kaatjie Kerkelbek ” ens. was vir mij aantreklik, omdat dit so pit-tig en *gedeelte*lik in die volksspraak was. Dan was daar ook af-en toe in die ou “ Volksblad ” stukkes (grappe) in “ Kaaps,” soos ons destijds die taal genoem het. Ek praat eendag met vriend Pannevis daaroor en laat vir mij ontval, dat ek ook wel lus het om iets in Kaaps, of Afrikaans, te skrywe; maar dan van beter gehalte als pure grappies. “ Probeer!” sê hij. Daarop begin ek en vertaal toe Mattheus 28, en stuur dit naar die “ Kerkbode.” Maar jij begrip wel goed, daar was ek aan die verkeerde kantoor; want dit gaan toe naar die snippermandjie. Ek sou graag wel om 'n hoekie gestaan het om te sien met hoeveel ver-basing en veragting die stukke stukkend geskeur is.

“ Maar die vernaamste, wat mij aangesit het, was die moeite wat ek met mij skoolkinders gehad het om hulle Hollands te laat verstaan, sodat ek gedurig moes uitlê wat die en die woord be-teken.

“ Daarop volg in oorleg met vriend Pannevis mij plan om 'n klein boekie in Afrikaans te skrywe. Dit was in 1872, en in die volgende jaar verskijn “ Die Geskiedenis van Josef,” waarvan mnr. Gideon Malherbe die onkoste van druk betaal het. Dit werd gedruk bij die “ Zuid Afrikaan,” waarvan “ Onse Jan ” destijds eienaar en redakteur was.

“ Toe kom ook die stukke van “ Klaas Waarsegger Jr ” (mnr. Hoogenhout self—die Skrywer), die skrywerij van “ Ware Afrikaner” (Ds. S. J. du Toit—die Skrywer) en andere. Daaraan het o.a. deel geneem Ds. S. J. du Toit, A. Pannevis, Gideon Malherbe en sij broer Willem Malherbe, Lokomotief, ek, ens.

“ Eindelijk sien ons tot ons leed dat ons daarmee nie veel uit-rig nie, en ons besluit om saam te kom. So vergader ons toe bij mnr. Gideon Malherbe aan huis op 14 Aug. 1875. Die notule van daardie vergadering het jij al in “ Die Brandwag ” (1 Apr. 1913) gesien. Ook die haat, nijd, veragting, verguising en selfs

vervolging van die eerste tijd het jij (en ek ook) reeds in "Die Brandwag" beskrywe. Tot sover hierdie punt."


**AANMERKING:** Die geskryf in die ou "Volksblad" en ander geskrifte van daardie dae was met gin ander doel geskrywe nie als net om grappies te verkoop. Maar wat die saak die eerste in diepe erns opgevat het om Afrikaans tot sij regte te laat kom, was twee gebore Hollanders n.l. mnr. A. Pannevis en mnr. C. P. Hoogenhout. Ja, soos kinders het ons gebore Afrikaners met 'n diamant sit speel, totdat kenners ons die waarde daarvan moes kom duidelik maak. Die eerste gebore Afrikaner, wat hom laat oortuie het was Ds. S. J. du Toit, wat toe die saak met volle krag en onvermoeide erns aangepak het. Dog was dit nie vir die selfopofferende mnr. D. F. du Toit (Oom Lokomotief) nie om als staatmaker van die beweging op te tree nie, dan sou die loop van sake die hinderpale nie so maklik op sij geskuiwe het nie.

*E.—Brief van mnr. C. P. Hoogenhout.*

Na die publikasie van die stukke oor die Eerste Skrywers in "Die Brandwag" afgeloop was, het ons verskeie briewe van mnr. Hoogenhout daaromtrent ontvang, waarin hij sij gedagte o.m. daaromtrent als volg uitdruk:—


"Ek het al die stukke met aandag deurgelees en moet erken dat jouw artikels in "Die Brandwag" gepubliseer, handelende oor die Afrikaanse Taalbeweging volgens mij insien, nog die beste is wat tot nog toe in druk verskijn het."

**AANMERKING:** Mnr. C. P. Hoogenhout was bij hierdie tijd aan informasie tamelik uitgeput, sodat daar vir ons nie veel oorgeblij het nie, en daarom draai hij toe die roer op ons en vra om meer te vertel van die dae wat ons uit verskuilde, of liewers gesê, uit afgeleë hoekies in lief en leed tesame gebring en gevoeg het om 'n aangename las op ons skouers te plaas. Die roepstem was: "Toe pak gelijk! Het jij dit? Toe hooi-hop op die skouer! Kom stap!" En daar stap hul douwvoordag met bēwende bene en gekromde skouers—singende "'n Ieder Nasie het sij Land. . . ."



GIDEON J. MALHERBE is die man wat sy huis beskikbaar gestel het om die klein bende van Lede van die Genootskap van Regte Afrikaners in geheim te laat ontmoet; ook het hy plek vir die eer te drukke in sy buis ingerig. Dit is saken wat hy die drukkers betaal en logies gegee.

D. F. Du TOIT (Dokter) was die bekwame bestierder van die D. F. du Toit en Ko. drukkerij. Hy het sy pragtige boerderij laat staan om teen 'n geringe salaris die Afrikaanse saak te kom help bevorder. Na die val van "Die Patriot" het hy na sy plaas in die Dal gegaan, alwaar hy een van die vooruitstrewende geword het.



*F.—Brief van mnr. C. P. Hoogenhout.*

Onderstaande is 'n uittreksel uit 'n brief wat die terugstuur van die manuskrip begelei het: —

“Geagte vrind—Ek het vandag vakansie (?) en het jou manuskrip aandagtig—en laat ek sê—met klimmende belangstelling en goedkeurende hoofknikkies deurgelees. Jij sal 'n paar randskrifte vind—een omtrent Maleise woorde. Maar jij kan self nader ondersoek daaromtrent instel.

“En nou skiet net oor om jou geluk te wens met die voltooiing van die grote en nuttige werk vir die teenswoordige en nageslag. Jij en die ondernemende uitgewer verdien nie alleen die “dankie,” maar ook 'n ruime ondersteuning vir julle werk.

Sie daar die slotwoord met 'n heilwens van

Een afgeleefde ou Vrind,

“Oom Jan”

(C. P. Hoogenhout).

Baing dankie Oom Jan! vir jouw hulp en goeie wens!—Die Skrywer.

*G.—Brief van Mnr. Gid. J. Malherbe.*

Onderstaande brief werd eienhandig deur mnr. Gideon Malherbe, Lid van die Genootskap van Regte Afrikaners geskrywe, waaroor ons net hoog vereerd gevoel; want hij is nie meer vandag se kind nie daar hij reeds diep in die 80 jaar oud is.

Met sulke manne aan die arm ingehaak kon die ou Genootskap veilig voortstap. Hij had die voorreg van te lank skoolgaan nie geniet nie; dog met baing lees—en hij was 'n grondige leser—en als skoonseun van wijle Ds. Gotlieb. W. A. van der Lingen van die Paarl, stigter van die Paarlse Gymnasium, had die voortstrewende wijnboer 'n skone geleentheid om sigself te ontwikkel. En daarbij was hij 'n vertrouwelike vrind van Mnr. A. Pannevis, wat bij hem aan huis gewoon het.

Reeds voor die oprigting van die Genootskap het hij en andere geesdriftige pleidooie aan die “Zuid Afrikaan” gerig om die regte van Afrikaans op die voorgrond te stel. Maar dis beter om “Oom Gideon” self die woord te gee:—

“ Paarl, 5 Feb. 1918. Waarde Neef.—Jouw brief van 29 November ontvang. Dit spijt mij dat ek nie eerder kon antwoord nie—ook is mij oë reeds dof dat ek op gevoel moet skrywe.

“ Op uw vraag (a) waar ek op skool was dient: dat ek op elfjarige leeftyd ses maande bij mnr. Zacharias de Beer, onderwys ontvang het in sij dagskool. Ander skole was daar nie in ons buurte, Groot Drakenstein nie. (Als iemand die duidelike handskrif en brief sonder Hollandse taalfoute lees, dan kan hij dit haas nie glo nie.—Die Skrywer.)

“ Op vraag (b) waarmee ek mij besig gehou het in die taalbeweging, is mij antwoord: Vergaderinge bijgewoon—eers in mij huis later bij Ds. S. J. du Toit in die Gymnasium Gebouw; gratis afstand van 'n gedeelte van mij woonhuis vir die Drukkerij; die diens van mij seun Pieter, 19 jaar oud, als bestierder; tegelikkertijd losies vir 'n paar lettersetters; betaling van druk onkoste van “ Die Geskiedenis van Josef ” (deur mnr. C. P. Hoogenhout in ons taal geskrywe), en nog betaling vir 'n paar andere; vir die opening van ons eie drukpers; voorskot op huur van geëmployeerde, ens. Verder gehelp met die opstel van die “ Geskiedenis van ons Land in die taal van ons volk.”

“ (c) Jouw stukke in “ Die Brandwag ” het ek nie geles nie, dog wat ek in die “ Paarl Post ” gesien het, het die mij uitstekend beval—dit was wat anders als die taal waarin die “ Patriot ” in die begin geskrywe het.

“ Direk en indirek (alles was gratis) het die saak mij ruim £150 gekos.

“ Daar was destijds reeds sprake om die Bijbel in Afrikaans te vertaal, in verband daarmee werd mnr. Pannevis en ek afgevaardig als deputasie naar Dr. Adamson, destijds handelende als sekretaris van die Britse en Buitelandse Bijbel Genootskap om te vra die Bijbel in die taal van ons volk te laat druk op die koste van sij Genootskap; maar die voorstel werd deur hom verwerp.”

Tot sover gaan die mededeling van mnr. Malherbe. Hij was vir jare kurator van die Paarl Gymnasium en het die Noorder

Paarl Gemeente als kerkraadslid sedert die stigting daarvan gediën.

Bostaande brief was in suiwer Hollands geskrywe dog is met toestemming in Afrikaans oorgesit.

Dan val daaromtrent dit nog op te merk: In hierdie skrywe, lig mnr. Malherbe, net effentjies die gordijn op om aan te toon hoeveel opofferinge aan die vergetelheid toevertrou is. Als ons 'n volledige lijs sou publiseer hoeveel daar privaat opgeoffer is vir 'n saak, wat onder smaad en verguising opgevat werd, dan sal dit meer als een teenswoordige voorstander verwonder, wat gin besef het wat die strijd gekos het nie. Maar dit gaan met die lede van die Genootskap nes met die Voortrekkers: Toe hulle die wêreld intrek om vryheid te soek, was hulle *dwase*. Maar nou dat al die Voortrekkers dood is, nou word kwijl en trane gehuil en elke hoekie word deursnuffel om geskrifte van hulle in hande te krij, en nou eers deur " 'n dankbare nageslag " word hulle dienste bewonder.

*AA.—Bijdrae deur SHEd. President F. W. Reitz.*

Onderstaande welwillende brief en bijdrae het ons met groot waardering van President Reitz ontvang:—

" Waarde Heer en Vrind—Met plesier wil ek u behulpsaam wees met die boek wat u van plan is om te publiseer.

1o. Op uw vraag om 'n paar reeltjies te skrywe oor *mij* werk (dit was maar min) in verband met die Taalbeweging daarop is mij antwoord: "Ja."

2o. Op uw vraag om iets te skrywe oor (a) die geboorte en voortsetting van die taal beweging, (b) nie instem nie, (c) wel instem met uw skrywe in " Die Brandwag " is mij antwoord ook "ja." "

Hier volg nou die beloofde bijdrae onder 1o:—

" In omtrent die jaar 1870 het daar in die " Cape Monthly Magazine," waarvan Prof. Roderick Noble die redakteur was, " Klaas Geswind en sijn Perd " 'n vertaling (of liewers 'n oorsetting) van Burns se Tam O'Shanter's Ride verskijn. Daarin het ek

probeer, om die Skotse digter se beskrywing van 'n seker tiepe van sij landgenote toe te pas op die Hottentots soals ek hulle in mij jonger dae leer ken het op die Sendeling Stasie, Zuurbraak, nabij Swellendam. Toe ek merk, dat mij vader en Prof. Noble met die vertaling tevrede was, het ek in 1874, kort na mij aankoms als Regter in die Vrijstaat ook Cooper se John Gilpin op ons Suidafrikaanse toestande toegepas en dit voorgelees op 'n vergadering van 'n Debats Vereniging, wat ons in Bloemfontein operig had. In daardie dae het daar 'n Vrijstaatse Tijdskrif bestaan onder redaksie van mij goeie vriend en kollega, regter Jones Buchanan. Toen hij mij vra daarin mee te werk, het ek 'n paar keer Afrikaanse rijmpies aan die blad gestuur, waaronder een oor die dood van Louw Wepener.

“Dit was juis in die tijd dat “Die Afrikaanse Patriot” sij verskijning gemaak het. Ek was so blij dat daar tog eindelijk 'n koerant in ons eie taal gedruk en uitgegee word, dat ek als 'n soort van dankoffer £5 aan die uitgewers gestuur het.

“Die Eerwaarde Heer Wirgman van Grahamstad, wat onlangs gestorwe is, was 'n man vir wie ek altijd baing agting had omdat hij 'n eerlik, opregte predikant van die Anglikaanse Kerk was. Maar hij was destijds onversigtig genoeg om teen die Afrikaanse “patois” uit te vaar in een van die dagblaai van die Oostelike Provinsie. Ek het toe 'n tamelike uitgebreide aanval op sij skewe argumente gemaak, en veral daarop gewijs, hoe verkeerd dit van hom was om 'n taal te veroordeel waarvan hijself gin woord verstaan nie. 'n Tijdskrif, wat in daardie dae in Grahamstad verskijn het, het mij artikels heel gewillig opgeneem en dit het mij nie alleen verblij nie, maar ook verwonder om uit hulle koerante te sien dat die mense, wat daar in die middelpunt van die Engelse Settelaars-volksplanting woon bijna almaal aan mij kant gestaan het en teen die heer Wirgman en sij uit die lug geskepte redeneringe.

“Regter Buchanan was 'n goeie Afrikaner en hij het getrag sover moontlik om albei die landstale in sij Tijdskrif te erken. Maar hierdie opgevoede Vrijstater, alhoewel hij aan die Grey Kollege onder leiding van Dr. Brill Hollands en Engels gelijk op

geleer het, was skroomagtig om Hollandse artikels vir die Tijdskrif op te stel, omdat, al was dit die taal van sijn voorouers, dit tog nie die huistaal van sijn ouers was nie, en veral was hij vir die *het's* (Hollandse geslagte) skuw. Daarom was dit dat al die prosastukke, sonder uitsondering deur welwillende Hollanders geskrywe werd. Gediggies in Afrikaans het nou en dan voorgekom; maar dit was ook al, en dit het ook lank geduur, vóórdat hier en daar iemand gewaag het om aan die "Express" (destijds onder redaksie van mij vriend Carl Borckenhagen) 'n brief in Afrikaans te rig.

"Ek het toe op die gedagte gekom, wanneer ek in een of ander koerant, of tijdskrif 'n Afrikaanse gedig sien en wat mij voorgekom het beter te wees als die gewone kreupel rijmelarij, dit dan uit te knip en te bewaar. Dit het mij toe later aanleiding gegee om die versameling in boekvorm te laat druk. Die meeste van die versamelde gedigte was uit die pen van mnr. C. P. Hoogenhout, "Oom Jan, wat versies maak." Maar van 'n hele partij kon ek nie agter kom wie die skrywers daarvan was nie. Bijvoorbeeld daar was die gedig oor "die Sprinkhaan en die Droogte," wat in mij opinie een van die beste is. Wie of die rijmpie gedig het, het ek nooit kon uitvinde nie."

Tot so ver gaan die bijdrae onder 1o. Na dit geskrywe was, het die nuwejaars vakansie, Dingaansdag, en Afrikanerdag tussen in getree. En toe dit verbij was, het die parlement bijeengekom. Terwijl ons ou beproefde Voorvegter se plek bij al sulke plegtighede nooit leeg is nie, het hij nie geleentheid kon inruim om aan sijn belofte gevolg te gee nie—n.l. om ons nog bijdrae 2o te stuur.

Ons gee egter die hooggeagte vriend van alle Afrikaners die versekering dat ons nog graag meer van sijn vloeiende pen sou wil gehoor het met die versekering daarbij dat die lesers daarnaar sal gesmag het en nog smag.

BB.—Bijdrae deur mnr. C. P. Hoogenhout. 1913.

Ons neem met verlof van die Redaksie onderstaande stuk oor uit "Die Brandwag" van 1 Julie 1913, omdat dit vermeld van

persone en feite, wat in nouwe betrekking staan met gebeurtenisse in hierdie boek vermeld. Dit lui als volg:—

Mnr. G. von Wielligh, gewese Landmeter Generaal van die Suid Afrikaanse Republiek in die goeie ou tyd, verdien dank, dat hij die duisende lesers van "Die Brandwag" so een en ander vertel het van die Genootskap van Regte Afrikaners, opgerig 14 Aug. 1875. Ek wens dat sij vaardige pen nog meer wil neerskrywe van daardie tyd; want van die oprigters en die eerste lede van die Genootskap is daar nie veel meer in die lewene.

Daar ek ook een van die eerste lede was, weet ek mee te praat en sal dus, met verlof van die geagte redakteur van "Die Brandwag," ook 'n steentjie vir die nageslag aanbring. Ek weet, dat mnr. von Wielligh 'n student was aan die Paarlse Gymnasium, die stigting van die onvergetelike Godsman G. W. A. v. d. Lingen, vader van die leraars van Kroonstad en Cedarville. 'n Skool waaraan Suid Afrika oneindig veel te danke het. Tereg het mnr. v. W. aangemerkt, dat die manne, wat die Afrikaanse Taalbeweging begin het, baing bespottling en teenstand, en laat ek sê vervolging, ook, moes verduur. Als 'n mens die koerante van daardie dae naslaan, dan kan hij sien hoe sleg en verag hulle gemaak is vir hulle ijwer om die Afrikaanse taal tot sij reg te bring. En nie alleen deur Engelse blaaië, wat net gespot het; maar ook deur Hollandse—veral die kerkelik partij. Want met enkele uitsonderinge was die predikante die hardste teenstanders, terwyl hulle aan die ander kant Engelse preke in die Ned. Ger. Kerk indwing. Had manne als Prof. Brümmer, Dr. Malan, Dr. Steenkamp, Prof. J. D. du Toit in daardie dae geleef, dan was hulle so seker "uit die Sinode verworpe."

En was bespottling en veragting nou maar al gewees, dan was dit nog gin doodwond nie. Maar daar het dit nie bij gebly nie; want baing voorstanders was in gevaar om hulle daaglikse brood te verlies. En wie sal sê met hoeveel dit werkelik die geval was en van wie die posiesie onhoudbaar gemaak is?

Ek herinner mij een jonge man, wat student was. Hij was arm en woon bij 'n rijk man in, wat hom losies gee en hom die

geld voorskiet om te leer. Toe die daar agter kom dat hij lid geword het van "Die Genootskap van Regte Afrikaners" word hom kort en bondig aangesê dat hij òf moes bedank òf dat hij anders moes vertrek, "kan trap" sê sommige in ons dae. Die gevolg was, dat hij sijn bedanking bij die Genootskap instuur; maar in alle stilte 'n ondersteuner geblij het tot hij op eie bene kon staan.

'n Ander geval is van 'n sendeling, wat lid van die Genootskap werd en daardeur 'n woeling in sijn gemeente had. Kwaadgesinde had aan die kleurlinge vertel: "Julle meneer sal nou voortaan in die Hottentots-taal vir julle preek." Hij het hulle dit toen duidelik gemaak en die vrede was wel herstel; maar tog was daar naderhand 'n skeuring. Dit werd gesê om andere rede; maar die eintlike begin was daaroor.

(Mnr. Hoogenhout noem *bijna* net so 'n geval waarom Sendeling D. P. Dempers sijn naam op die eerste notule van die vergadering doodgekrap is; want hij werd gedwing om vir die Genootskap te bedank.—die Skrywer.)

Nog 'n geval was van 'n onderwyser, wat lid geword het. In die eerste nummers van "Die Patriot" verskijn sijn naam in die lijs van agente en toen was die gort gaar. Hom werd deur sijn Skoolkommissie aangesê om oombliklik sijn naam te laat skrap, of hij sou sijn betrekking verlies. Hij was verplig om dit te doen en ook om te belowe om met die kinders *geen* woord oor die Afrikaanse taal te praat nie. Want die kinders kom nie skool toe om 'n "Hottentot-taal" te leer nie, werd hom gesê.

Nog 'n onderwyser het eendag uit die goedheid van sijn hart aan al sijn skoolkinders 'n Geskiedenis van Josef in Afrikaans present gegee. Maar moenie praat nie, watter opspraak dit veroorsaak het en watter stank vir dank hij gekrij het.

(En vandag besluit twee kongresse van onderwysers om Afrikaans dwarsdeur al die klasse van laer onderwys in te voer en niemand trek 'n oor nie.—die Skrywer.)

Nog 'n geval was met Dr. J. Hofman van die Paarl. Ek kan sijn naam gerus noem; want hij is dood en ter siele. Hij was een van die flukste en waardigste Afrikaners en dit het hij geblij

tot sij dood toe. Hij was in daardie tijd onderwyser aan die Paarl en een van die eerste wat bij die Genootskap aangesluit het. Dit is mij of ek die flukse mooie jongkêrel sien met sij vrindelik gesig, toe hij die eerste maal in die vergadering kom om sij naam op te gee. Ek het hom later baing keer ontmoet maar soos daardie dag nooit weer nie. Ek het hom gesien vol erns toe "Die Patriot" op die punt was om die verkeerde rigting in te slaan; ek het hom gesien toe hij in die oorlog met die ambulans naar die slagveld gaan (hij was toe Kaapse parlaments lid) en nog voel ek sij warm handdruk en sien ek die traan in sij oë bij die afskeid. Ek het hom gesien toe hij terugkom, nadat sij ambulans afgeneem was, en dit is mij of ek hom nog hoor vol verontwaardiging daaroor praat. Ek het hom gesien kniel met die huisvader en die famielie in die gebed bij 'n baing siek vrouw. . . . . Maar ek dwaal af; dit word mij vergun als ek aan die trouwe Afrikaner, in die krag van sij lewe afgemaai, terugdink. Vuriger voorstander en medewerker als hij, was daar nie. Met die "Patriot" in sij sak bepleit hij, waar hij kom, die goed reg van die Afrikaanse Taal en win hij intekenaars. En hij kon praat en debatteer, soe!

Maar die storm met sij skoolkommissie bars los en gelukkig het hij bedank vir sij betrekking als onderwyser, omdat hij op die punt was naar Europa te gaan om vir dokter te studeer.

(Ja, die skrywer hiervan leg ook 'n krans van hulde en hoe waardering op die graf van Dr. Josias Hofman. Nooit sal ons vergeet, hoe hij ons, als kriegsgevangene in die 1899-1902 oorlog te Pretoria 'n vrindelike besoek kom bring het nie. Hoe teleurgestel hij gevoel het oor die verlies van sij ambulans. Hoe hij later ons aan die Paarl, in ons beproewing van blindheid, naar sij huis genooi het om oor die ou dae te gesels. En hoe hij hom 'n boggel kon lag als hij voorvalle uit ons "Jakob Platjie" aanhaal—hij was ernstig en tog o so plesierig.—die Skrywer.)

Een van ons waardigste predikante—als hij dit wou doen—sou kan vertel wat hij, wat nooit gin lid van die Genootskap was, alles het moet aanhoor, toe hij tijdelik die plek van Dr. Hofman als onderwyser ingeneem het.

Nog 'n geval wat in "Die Brandwag" aangehaal is, is hoë jongelinge, wat nog op skool was hulle name als lede moes terug-trek of hulle sou weg gejaag word. Een van die, als ek dit nie mis het nie bekleed vandag 'n belangrike betrekking in die Transvaal.

Nog 'n ander geval moet ek breedvoerig verhaal. Dis ook 'n onderwyser. Op sekere dag werd hom gesê om teen die volgende dag 'n publieke vergadering van die ouers bijeen te roep. Hij doen dit dinkende dat daar een of ander politieke kwessie moet bespreek word. Maar verbeel jou sijn verbasing, toe hij uitvind, dat dit teen homself bedoel is . . . . omdat hij "Die Patriot" lees! Hij het vertel: "Een van die skoolkommissielede, 'n man, wat vreeslik hard kan praat, staan op en skreeuw uit: 'Die Patriot' is 'n rebelblad en is teen Haar Majesteit, ons geërbiedigde Koningin, en die onderwyser bring dit in die skool en lees dit in die skooltijd in plaas van sijn werk te doen en laat die werk aan die assistent oor."

Die stomme onderwyser was glad verbaas en sê: "Ja, ek krij 'Die Patriot'; maar lees dit in mij eie tijd en nie in die skool nie. Ek kan die assistent en skoolkinders als getuie oproep."

Daar spring 'n ander (die eintlike klaer) op en sê: "Mij kinders sal nie lieg nie, en hulle het dit kom vertel en ook dat hulle te lank in die klas moet staan bij die assistent." Daar was niks aan te doen nie, die kinders, wat nie hulle les geken het nie, word geglo en die onderwyser, assistent en ander skoolkinders was leuenaars.

Die meerderheid van die vergadering was teen die onderwyser oor die vreeslike sonde dat hij—"Die Patriot" lees! Hoewel hij nog daarbij gevoeg het, dat die onderwyser ook eendag vir hom gesê het dat 'n seker preek van die predikant nie mooi, of nie orthodox was nie.

Nou toe nou, nie alleen "Patriot" lees nie; maar ook nog 'n preek te durf kritiseer! Die eerste harde prater spring weer op en stel voor met 'n stem van belang: "Ek stel voor dat die skoolgeld moet verlaag word. Vier shillings in 'n maand is 'n ongehoorde prijs en dit moet op 'n halfkroon (2s. 6d.) gebring

word." "Ek sekondeer" roep meer als een. Daarop sê die onderwyser:

"Maar dan kan die skool nie bestaan nie; want ons kan nou alreeds nie die helfte van die salarisse opbring nie." Maar dit traak nie; want meer als een maak van die klagte teen die onderwyser meteen gebruik om sijn ijslike skoolgeld van 4s. per maand verminder te krij. Maar 'n verstandige en besadigde ou man krij dit na veel strijerij en oor een weer praat sover dat dit 3s. 6d. sal wees—één 6d. minder! En so is dit besluit, en die skool en die onderwyser het jare lang moes sukkel met tekorte en swaar krij om die skool in stand te hou.

En dit alles omdat die onderwyser die "Patriot" gelees het!

.....

Kijk, julle kêrels, wat vandaag so lekker in ons taal skryf en Afrikaanse koerante en tydskrifte uitgee weet nie wat die ou baanbrekers of "voorlopers" het moet deurmaak nie. Julle mag (en durf) so nou en dan wel daaraan dink als alles nou met julle so goed gaan. Als ek die lijs van geleerde manne en vrouwe in "Die Brandwag" als mederwerkers deurlees, dan voel ek somer jaloers, en dan dink ek: Wat kan die klomp bekwame mense nie uitrig nie, als hulle net maar *wil en elk sijn plig doent!* Als die klein klompie van omtrent 40 jaar gelede soveel het kon doen; wat kan die teenwoordige geslag (ongehinderd) dan nie alles uitvoer nie?

Oor Ds. S. J. du Toit en sijn leeuwaandeel in die Afrikaanse Taalbeweging het mnr. von Wielligh al vroeër geskrywe en dit mag nooit vergeet word nie, wat die man vir die Afrikaanse saak opgeoffer het nie. Ook Prof. Jan Cachet was een van die vlijtigste en trouwste ondersteuners en medewerkers. In "Die Patriot" het sijn boek "Die Sewe Duiwels en wat hulle gedoen het" die eerste verskijn. 'n Ander flinke Afrikaner, en wat nie geskroom het om met sijn gevoele voor 'n dag te kom was Ds. Jan van Niekerk van Smithfield. Hij is in die krag van sijn lewe oordele. Nog 'n ander was Ds. D. P. Rossouw, vader van die teenswoordige leraar van Nijlstrom (tans Piet Retief), hij het

treffende godsdienstige stukke in Afrikaans geskrywe onder die pennaam van "Cefas." Nog 'n ander trouw medewerker van "De Getuige," die bijblad van "Die Patriot," was Ds. W. P. de Villiers, vader van Prof. Dr. W. P. de Villiers van die Universiteits Kollege te Pretoria. Dan was daar ook die flukse Oom Daantjie van den Heever, Lid van die Wetgewende Raad, wat sij humoristiese pittige bijdrae oor die Parlement aan "Die Patriot" gelewer het. En so was daar meer, wat mij ontgaan is. Ek noem maar net die wat reeds dood is. Van die wat nog leef skryf ek nie, ek het daartoe gin vryheid en wil hulle buitendien ook nie prijs nie bij hulle lewe nie. Dit kan deur ander gedoen word als hulle ook nie meer op aarde is nie.

Die lesers moet nou goed verstaan dat hier sprake is van die goeie, ware ou *Afrikaanse Patriot* van voor 1897 (1890?); want na die tijd het die blad van koers geraak en toe het sij medewerkers op *enkele* na hom verlaat en is sij getal intekenare al minder en minder geword totdat op laas gedurende, of kort na die oorlog, die uitgaaf van die blad gestaak is. En dat die Afrikaanse Taalbeweging daardeur ontsaglik skade gelij het, is seker. Die jonger geslag het dit toe weer opgevat en vandaag is dit gin skande meer, of behoef nie iemand bang te wees nie om sij brood te verlies als hij daarvoor uitkom dat hij 'n voorstander van Afrikaans is."

Tot sover die bijdrae. 'n Man wat ook sij hele lewe aan die saak opgeoffer het is mnr. Ernst. J. du Toit (tans nog in die Paarl Druipers Maatskappij). Sij beskeidenheid laat ons nie toe om iets oor hom te sê nie, dog ons moet. Na hij sij Matrikulasieeksamen met goedgevolg afgelê het, het hij hom bij die drukkerij D. F. du Toit en Ko. aangesluit, en steeds met klimmende ondervinding en belangstelling het hij altijd die Afrikaanse saak warm ondersteun. Niemand het die val van "Die Patriot" meer gevoel als hij nie. Hij het hom seer beijwer met "Ons Klijntië" en het nie gerus nie alvorens "Ons Taal" en "Ons Moedertaal" die vorige plekke ingeneem het nie.

## CC.—Die Laatste Sniſke van Maleis-Portugees aan die Kaap.

Onderstaande is 'n mededeling deur ons aan die Oktober 1917 "Brandwag." Ons gee hierdie bydrae weer terug vir algemene informasie—net om aan te toon dat die seemanstaal, of slawetaal, wel nog teen die einde van die 18de Eeuw aan die Kaap op sommige plaatse gepraat werd, sonder egter ons in die stryd te wikkell of dit wel invloed, of nie invloed op die vorming van die Afrikaanse Taal gehad het—dit is natuurlik 'n twisappel vir taalgeleerdes.

"Graag deel ons mee, wat aan ons persoonlik—nie van gissing of hoor-sê nie—bekend is.

In ons bydrae tot "Die Brandwag" aangaande die Eerste Skrywers van Afrikaans het die woorde ons ontval dat ons drie persone ontmoet het, wat daardie taal kon verstaan en sig daarin kon uitdruk. En dit sal miskien nie van belang ontbloot wees nie, als ons verder met daardie drie persone in kennis treu en tewens ag slaan onder watter omstandighede hul die taal het.

(1) Mij grootvader Nikolaas von Wielligh was in K. op 16 Julie (tussen 1780 en 1790) gebore. Na sij hi met 'n nôi de Waal het hij die plaas Leeuwendans in K. —vier uur Oos van Kaapstad—gekoop. Hij was 'n vermoende man en had baing slawe. Hij het gewoonlik met 10 osploeë en een perde ploeg geploeë. Bij ieder ploeg was 'n leier, drijwer en ploegsterhouer. Dus op die ploegland moet hij alleen 34 persone (slawe) met die saaiër ingereken gebruik. Dan waar is sij beeswagters, skaapwagter, staliong en ander huisbediendes? Vir die 10 ploeë het hij 100 osse vir die voormiddag en 100 ander vir die agtermiddag nodig. Die 200 osse met die aantelbeeste had ook versorging op sij Saldanhabaai plaas nodig. Hij kon sig dus nie met min slawe behelp nie. Onder sij slawe was ook wat Maleis-Portugees gepraat het en wat in hierdie taal moes aangespreek word. So moes mij oupa wel degelik die taal geleer het en hij het dit ook geken.

Dadelik sal mij gevra word: "Dit was voor jouw tijd; hoe weet jij iets daarvan?"

Wel, volg ons en die antwoord sal sig ontluik.

Na oupa se eerste vrouw hom vier dogters geskenk het, is sijn gestorwe. Hij trouw toe met Bettie Theunissen van Vergelegen (ou plaas van Willem Adriaan van der Stel). Bij haar had hij een seun in 1833 (mij vader, Nikolaas) en een dogter. Sij sterf en toe trouw hij met 'n meisie Maria Visser, wat dertig jaar jonger als hij was. En hierdie ouma het tot mij 17de jaar (sewentiende jaar) gelewe en sijn het bevestig wat ek gaan vertel.

Mij vader koop die plaas Vrijguns, Agter Paarl. Daar werd ek op een April 1859 gebore—dus 25 jaar na die vrijwording van die slawe. Mij oupa het toe op Vrijguns bij mij pa gewoon en is tussen 80 en 90 jaar geword eer hij gestorwe is.

Die ouman was baing gek naar ons kinders. Hij moes ons egter altijd oor een en ander knor—vernaamlik als ons blootshoof buite rondloop. Uit pret bestraf hij ons in Portugees, wat ons baie mooi gevind het. Ek was toe omtrent ses jaar oud.

Die kinderlike nuwsgierigheid wou ons al weet, waar hij ons gelear het, en of hij wel in die Portugese hulle land was. Hij vertel ons dat hij nooit oor see was en het dit gelear van 'n Portugees slawe. Dit prikkel dan nog meer ons nuwsgierigheid en ons wil dan weet wat hierdie woord en daardie woord in Portugees is. Nou moet ek tussen twee hakies meedeel dat ek tot nou toe nog gin Portugees ken nie dus wat ons nou gaan meedeel is wat ek aan mij geheue te danke het.

Ons vra: "Oupa, wat is perd in Portugees? Waarop hij antwoord "Caval."

Wat is water?—Antwoord: "Aqua" (vergeef ons spelling). So ver was dit goed; want die woorde klink glad anders als in Afrikaans. Maar nou wil ons verder weet wat "tarntaal" in Portugees is, en toe ons ten antwoord krij dat dit ook maar "tarntal" in Portugees is, begin ons kinders aan oupa se vertaal te twijfel, en bestrij hom. Ons vra wat limoen is en toe hij antwoord: "limoen" toe dag ons hij begin nou te korswil. Maar toe die ouman met vaste versekering ons tot oortuiging beweeg

het, dat ons sulke woorde als tarntaal, kraal, lemoen van die Portugese oorgeneem het, was ons tevrede. Ons gaan steeds met ons katkesasie aan. Wanneer ons dan weer woorde vind waar Afrikaans en Portugees eenders klink en dan uitroep: "Jok oupa nie?" Dan antwoord hij: "Wag, als Oom Dirk Stoffberg hier kom vra hom, dan kan julle self hoor dat wat ek sê die waarheid is." Voor ek tien jaar oud was het ons die kindervrind, ons oupa, ten grawe op Vrijguns moes dra. Hij was toe tussen 80 en 90 jaar.

Wel, sulke gesprekke als hierbo vermeld had ons dikwels met ons oupa, daar hij meestal in huis blij sit het. Soms het hij ons met ander Portugese woorde vermaak, wat nie nes Afrikaans geklink het nie; want die kindersiel leef en flikker op als hulle iets nuwts of vreemds hoor of sien. Oupa was vrolik en opge-ruimd tot sij laatste dat toe en als daar soms van die ou slawe, wat hom geken het kom groet, het dit baing keer gebeur dat hij hul in grap 'n paar Portugese woorde toevoeg, waarop hul meestal met 'n vrindelike laggie bejegen. Hij het altijd met sij rooiagtige kabaai en wit gebreide mus naar bed gegaan, wat ons kinders dan laat dink aan die Maleise priesters met hulle kabaai, wat ons aan Somerset Strand gesien het. Ja, daardie tije en daardie skouwspeler sal, o Suidafrika nooit weer op jouw toneel afgespeel word nie!

(2) Dirk Stoffberg was omtrent die jaar 1802 of 1803 gebore; want hij was in die 60 jaar toe hij bij pa op die plaas als knek gedien het. Hij was van middelmatige hoogte, dog so sterk en gespierd als 'n os. Als iets oor sij lewer geloop het, dan moet die werk volk van oubaas Dirk se lijf wegblij. Hij het bij ons aan tafel geëet en in die aande gaan ons kinders bij Oom Dirk in die buitekamer gesels. Die gewrig van sij regterhand had 'n knop aan die buitekant wat die hand effe gebuig naar binne laat staan het.

Nou wil ons al van Oom Dirk weet waarom sij hand so effe ingebuig staan. Waarop hij vertel: "Eendag nabij Hardekraaltjie (tans Bellville Stasie) had ek 'n standjie gehad met Portugese slawe. - Hulle wou mij aanpak en ek moes mij so

hard moontlik verdedig. Een het ek net met een vuishou op die plek doodgeslaan; die ander het ek die wêreld laat skeur. Die saak het voor die hof gekom; die uitspraak was dat ek onskuldig aan moord was, dog die regter order mij om in vervolg mij met 'n rottangkierie te verdedig. En ek durf daarna nie meer mij vuis vir iemand lig nie."

Wel, die waarheid van hierdie verhaal het mij ouma (Visser), sij eie broer Christian Stofberg (wat op Janbevers Fontein, Agter Paarl gewoon het), en andere bevestig. Dus was in daardie tijd nog Maleis-Portugese slawe wat bij die mense gewerk het.

Oom Dirk kon sig goed in Portugees uitdruk, *wat hij van die slawe geleer het*—naar wat hij ons meegedeel het. Ons had hom met oupa Portugees in speeltjies hoor praat—natuurlik nie uit noodzakelijkheid nie. Ek was toe omtrent tien jaar oud toe hij bij ons op die plaas Vrijguns gewoon het.

(3) Kort daarop, of omtrent die selfde tijd het bij haar klein kinders op die plaas Varsfontein (westelik deel van Vrijguns) ou Aia Leentjie kom woon. Sij was toe in die 80 jaar oud. Vol bij haar verstand kon sij ons baing vertel. Sij was geel en van Malabar afkoms (soos die oumense dit destijds genoem het, al die langhaar kleurlinge aan die Kaap word tans nog Malbare genoem—'n naam wat hul glad nie geval nie). Baing van die Maleise slawe het die slamse geloof laat staan en Christene geword. Ouma (Visser) het ons die name genoem van haar slawe en daarbij omslagtig vertel en die omstandighede verhaal wat daartoe aanleiding gegee het—so had 'n meid reeds verskeie kinders verloor en dag als sij Christin sou word die Voorsienigheid haar genadiger sou wees. ens. Aia Leentjie had lang swart haar en daar sij erg netjies op haar liggaam en woonvertrek was—nog soos enig blanke kon dink om te wees—mog ons kinders bij haar aan huis gaan speel. Ek was toe tussen 11 en 12 jaar. Sij was 'n tere Christin, het geweet om ons op 'n sagte wijze te vermaan en in die gesprekke kon sij ons soveel van die slawetijd vertel en ook van oupa en sij slawe. Nooit sal ons vergeet hoe sij die tafereel afgeskilder het aangaande die slawe wat te Sout-

rivier opgehang werd en aan die galge blij hang het om ander slawe af te skrik teen verset en opstand. In ons kinderjare het die Hotnots soms baing bij hulle base gesoebat om tog nie nabij daardie ophangplek uit te span nie *want dit spook daar tog te vreeslik*. Aan so iets het Aia Leentjie nie geglo nie. Sij was die slavín van Schöndorff, boer op Blauwblommetjies Kloof (bij die teenswoordige Klipheuvel Stasie en tussen Leeuwendans en Wolvendans. Schöndorff was die boesemvrind van Oupa en bijna ieder dag was hulle bijmekaar. Aia Leentjie het ons vertel dat hij soms so baing moeite met 'n paar van sij Portugeese slawe gehad het. Sij self het ons Portugees hoor praat met 'n ou slaaf wat haar eens kom besoek het, dog altwee het altijd Afrikaans onder mekaar en wel sonder vreemde aksent gepraat. Hoeveel die ander van Portugees afgewet het, kan ons nie met beslistheid verklaar nie.

Soos bowe gesê, was ek 17 jaar oud toe mij ouma (Visser) te Bon Esperance, Klein Bergrivier, Tulbagh, oorlede is. Sij het mij baing van oupa en sij slawe vertel. Sij self kon nie Portugees gepraat het nie maar het bevestig wat oupa ons vertel het, hoe hij met sommige die taal moes gepraat het. Sij had nie nodig iets anders in huis als Afrikaans te praat nie daar al haar huisslawe met laasgenoemde spraak bekend was.

Hierbo het ons net uit die geskiedenis van die tijd uitgerafel wat nodig was om aan te toon dat Maleis-Portugees nog degelik in latere jare bekend was. Ons het slegs drie gevalle aangegee *waar op een plaas Maleis-Portugees gepraat werd*. En ieder een kan vir sigself dink of dit die enigste afgesonderde gevalle kon gewees het.

Uit daardie tijd val nog baing mee te deel wat die samelewe van 'n deel van die volk in nouwer verband stel met die oue Hollandse regering als die van die ander gedeelte van ons volk wat verder van Kaapstad in die binnelande gaan woon het. In daardie dae was daar wel groter verskil als tans. Die binnelandse bevolking het sig in 'n ander rigting ontwikkel terwyl die Engelse beskawing groter veranderinge in die agtergeblewe gedeelte gewroë het. En tog het die Engelse daar nie ingeslaag om die kloof tussen die taal te wijd te open nie—G. R. von Wielligh.

*Brief van Mnr. Nicolaas von Wielligh.*

Onderstaande brief het skrywer hiervan ontvang van sij oudste broeder, Nicolaas, wat op die 3 Aug. 1853 op die plaas Vrijguns, Agter Paarl, gebore is. Hij was dus ses jaar en enige maande ouer:—

Liewe Broeder.—Ek het jouw briewe bereids ontvang, waarin jij vra of ek mij nog kan herinner dat oupa von Wielligh Portugees kon praat en ook of ek nog iets van Dirk Stofberg afweet. Ja, ek herinner mij dit nog alles net so goed as die dag van gister. Jij weet oupa was altijd opgeruim en het mij dikwels uit grap in Portugees aangespreek. Hij het mij ook baing Portugeese woorde voorgesê en geleer. Maar dit spijt mij dat ek daar gin een meer van onthou nie. So dikwels het ek hom oor sij Portugeese slawe met ons en andere hoor spreek. Dit is mij ook goed bekend dat oupa in Kaapstad gebore is en nooit buitelands was nie. Ons ouma (Maria Visser) het ons ook veel te vertel gehad oor die slawe van oupa en andere. Ek stel mij nog goed voor hoe verskeie van die slawe haar op Vrijguns besoeke gebring het; onder andere Kandaas die vrouw van die Engelsman Jim en Lena 1) die vrouw van George, die broer van Jim. Hulle kinders Willem en David (Skoepad) het lank bij pa op die plaas gewerk as hul verlot van hulle base het Jan le Roux, Vogelstruisfontein en Piet Marais—albei van Paardeberg, distrik Paarl.

Dirk Stofberg het ek baing goed geken. Ons twee het altijd met die wa na die Paarlse mark gerij: hij was leiselhouer en ek had die sweep. As hij soms ewe gesellig met mij huiswaarts keer, weet hij baing van sij vorige leeftijd te vertel. Een dag vra ek hom waarom sij regterhand so krom is, toe antwoord hij: “Ja Klaas, ek het in mij lewe baing opstoppers uitgedeel: maar glo mij, ek het ook baing ontvang.” Ek weet dat hij sterk was en as die volk sij eer aantast, dat hulle dit moes vergelde. Hij het mij vertel van die bakleierij met die Portugeese slawe te Hardekraaltjie (nou Bellville Stasie nabij Kaapstad). Toe die saak in die hof gedien het, waarin hij aangekla werd vir manslag—daar hij 'n Portugees doodgeslaan het—het die jurie hom

vrijgespreek en die Regter het hom verbied om weer iemand met die vuus te slaan.

Aangaande aia Leentjie, wat op Varsfontein (gedeelte Vrijguns) gewoon het, herinner ek mij dat sij daar bij Josop Fortuin en aia Lowisa thuis was; maar julle jonger kinders het daar meer as ek gekom, so kan jij meer as ek van haar vertel.

Met minlike groete. Jouw liefhebbende broer,

N. von Wielligh.

(1) Kandaas en Lena was twee pikswart Malbaar meide met lang swart hare (die Skrywer).

*DD.—Bijdrae deur 'n Lid van die ou Genootskap.*

Ons gee hier 'n voorbeeld van watter kunsgrepe die ou voorstanders van die eerste beweging in daardie dae van strijd aan die hand moes neem om teenstanders tot die saak oor te haal. Onderstaande Samespraak het nog nie in druk verskijn nie:—

### *VOORUIT OF AGTERUIT GAAN.*

Die volgende gesprek had plaas in die begin van die Afrikaanse Taalbeweging op die stoep van Oom J. R. in die teenwoordigheid van sij famielie, en word hier so na moontlik woordelik terug gegee deur Neef D., wat daarin betrokke was. Oom was een van die bedaarde, besadigde mense, wat meer dink als praat; in elk geval: dink voor hij praat; maar ook die mense kan hulle bij hom vergis.

Neef D.—Oom J., wat dink oom nou van daardie Afrikaanse Taalbeweging?

Oom J.—Kijk mij neef, sê mij nou eers, is jij vir vooruitgang, of vir agteruitgang?

Neef D.—Natuurlik vir vooruitgang, Oom, ons loop mos nie soos 'n kreef agteruit nie.

Oom J.—Nou ja mij neef, dan moet julle daardie ding laat staan. Moenie vir ons wil agteruit help nie!

Neef D.—Oom, mag ek vir oom 'n paar vrae stel?

Oom J.—Ja, toe, vra maar.

Neef D.—Oom, als die regering môre 'n proklamasie sou uitvaardig dat ons algar net mag Engels praat, sal dan baing van ons mense kan praat?

Oom J.—Nee, ek glo nie. Ek en mij famielie sal dan vereers al moet stil blij, en ek glo nie hier is baing mense in ons buurte, wat kan goed Engels praat nie.

Neef D.—Goed oom. Maar als die proklamasie nou sou sê, ons mag algar net Hoog Hollands praat, sal dan baing kan gesels?

Oom J.—Nee mij neef, want hier in ons buurte is net ou jufvrou S. en haar kinders (Hollandse famielie) wat kan Hoog Hollands praat.

Neef D.—Reg so, oom! Maar als die regering nou sou 'n proklamasie uitvaardig dat algar net Afrikaans mag praat, sal dan baing mense moet stil blij?

Oom J.—Seker nie, mij neef; want ook die uitlanders, wat hier in ons land kom, praat net gouw ons taal.

Neef D.—Nou Oom J. wie is nou voor: ons wat 'n taal wil hê, wat algar kan praat, of julle wat ijwer vir 'n taal, wat ons nog moet leer om te kan praat. Mij kind kan dan praat en Oom sijne dan nog nie. Wie se kind is voor?

Oom J. het nie antwoord gegee nie; maar was daarvandaan af 'n sterke voorstander en verdediger van Afrikaans.